

27 Januarie

Josua 3

God self lei ons

Die verbondsark was vir die volk die sigbare simbool van God se verbondsteenwoordigheid. Om die ark te volg het vir hulle beteken om God self te volg. God baan vir hulle die pad deur die vol rivier en lei sy volk self die beloofde land binne.

Gelowiges sien dikwels die dood as die geestelike Jordaanrivier wat oorgesteek moet word om die ewige heerlijkheid binne te gaan. Wat 'n groot genade dat ons ook op hierdie pad in stil vertrou agter Jesus Christus kan aanloop wat reeds die pad vir ons gebaan het. En hoe groot die genade dat ons nie soos Israel op 'n groot afstand hoef te volg nie, maar dat ons in die geloof naby Hom kan stap - as't ware aan sy hand!

Sing: Psalm 16:4

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)